

BUITENGEWONE  
**OFFISIËLE KOERANT**

VAN SUIDWES-AFRIKA

**OFFICIAL GAZETTE**  
EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGawe OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Maandag 30 Januarie 1978 WINDHOEK Monday 30 January 1978 No. 3696



INHOUD:

Bladsy

PROKLAMASIE:

No. AG. 4 Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Mynwese), 1978

1

CONTENTS:

Page

PROCLAMATION:

No. AG. 4 Executive Powers (Mines) Transfer Proclamation, 1978

1

**PROKLAMASIE**

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GE-  
BIED SUIDWES-AFRIKA

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 23 Januarie 1978)

No. AG. 4 1978

OORDRAG VAN ADMINISTRASIE VAN  
DEPARTEMET VAN MYNWESE AAN DIE  
ADMINISTRATEUR-GENERAAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN  
Administrateur-generaal

Windhoek, 28 Januarie 1978

BYLAE

Woordomskrywing

1. (1) In hierdie Proklamasie beteken "Algemene Proklamasie" die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Algemene Bepalings), 1977 (Proklamasie AG. 7 van 1977).

(2) 'n Verwysing in hierdie Proklamasie na 'n bepaalde wet word uitgelê as 'n verwysing ook na 'n regulasie, reël of ander maatreël wat kragtens daardie wet gemaak is of daarop betrekking het.

**PROCLAMATION**

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE  
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

(Approved by the State President on 23 January 1978)

No. AG. 4 1978

TRANSFER OF ADMINISTRATION OF DEPARTMENT OF MINES TO THE ADMINISTRATOR-GENERAL

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN  
Administrator General

Windhoek, 28 January 1978

SCHEDULE

Definition

1. (1) In this Proclamation "General Proclamation" means the Executive Powers Transfer (General Provisions) Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 7 of 1977).

(2) A reference in this Proclamation to any particular law, shall be construed as including a reference to a regulation, rule or other enactment made under or relating to that law.

*Oordrag van administrasie van Departement van Mynwese*

2. Ondanks andersluidende bepalings van enige ander wet maar behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie en die Algemene Proklamasie, word die administrasie van die sake van die gebied Suidwes-Afrika met betrekking tot 'n aangeleenthed wat by die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie deur die Minister van Mynwese van die Republiek van Suid-Afrika geadministreer word, deur die Administrateur-generaal behartig.

*Toepassing van wette*

3. Die bepalings van subartikel (1) van artikel 3 van die Algemene Proklamasie is, sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van subartikel (2) van daardie artikel, nie van toepassing nie op —

- (a) die Wet op Kerninstallasies (Lisensiëring en Sekerheidstelling), 1963 (Wet 43 van 1963);
- (b) die Wet op Atoomkrag, 1967 (Wet 90 van 1967), behalwe artikels 5 en 6 daarvan;
- (c) die Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1973 (Wet 78 van 1973).

*Kort titel*

4. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Mynwese), 1978.

*Transfer of administration of Department of Mines*

2. Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law but subject to the provisions of this Proclamation and the General Proclamation, the administration of the affairs of the territory of South West Africa in relation to any matter which at the commencement of this Proclamation is administered by the Minister of Mines of the Republic of South Africa shall be carried on by the Administrator-General.

*Application of laws*

3. The provisions of subsection (1) of section 3 of the General Proclamation shall, without detracting from the provisions of subsection (2) of that section, not apply to —

- (a) the Nuclear Installations (Licensing and Security) Act, 1963 (Act 43 of 1963);
- (b) the Atomic Energy Act, 1967 (Act 90 of 1967), except sections 5 and 6 thereof;
- (c) the Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973 (Act 78 of 1973).

*Short title*

4. This Proclamation shall be called the Executive Powers (Mines) Transfer Proclamation, 1978.